Laerskool Robertson Primary

Die Swaeltjie

1 AUGUSTUS 2025 | UITGAWE 21

Sterspelers Skitter op Netbalbaan!

BAIE GELUK AAN ONS TALENTVOLLE SPELERS - CARO DE WET, ANEL VAN ZYL EN MARLI BOTHA - WAT IN JULIE UITSTEKEND PRESTEER HET BY DIE NASIONALE ALL AGES NETBALTOERNOOI IN BOKSBURG EN DIE WES-KAAP INTERDISTRIKSTOERNOOI IN RIVERSDAL. JULLE HET NIE NET MEDALJES VERWERF NIE, MAAR OOK ONVERGEETLIKE HERINNERINGE GESKEP.

NETBALL

Ons is ongelooflik trots op julle!

Naskoolse Aktiwiteite

- Gimnastiek + Karate + Hokkie - Maandae
- Drama + Netbal + Rugby - Dinsdae
- Hokkie - Woensdae
- Netbal + Rugby - Donderdae
- Robotika - Mnr. Eloff gee tye deur.

ROLA

Robbies

Belangrike Datums

A U G U S T U S

Maandag 4

Skooltoelatings 2026 Gr.4-7 open
Hokkie: 14:30-15:50 (o/13)
15:00-16:00 (o/10 & o/11)

Dinsdag 5

Rugby: 14:30-15:30 (o/11 & o/13)
Netbal: 14:30-15:30 (o/12 & o/13)
15:30-16:30 (o/10 & o/11)

Woensdag 6

Hokkie: 14:30-15:30 (o/10 - o/13)

Donderdag 7

Rugby: 14:30-15:30 (o/11 & o/13)
Netbal: 14:30-15:30 (o/10 & o/11)
15:30-16:30 (o/12 & o/13)

Vrydag 8

ROBBIES SPORTNAWEEK (HOKKIE)
Skool sluit 12:25 vir Hokkiedag
Skryf Algemene kennis

Saterdag 9

ROBBIES SPORTNAWEEK (RUGBY & NETBAL)
Nasionale Vrouedag

Netbal, Hokkie en Rugby: Ons Gee Alles!

OP 26 JULIE 2025 HET ONS O/13-SPANNE TEEN TABLEVIEW TE STAAN GEKOM IN 'N OPWINDENDE DAG VAN SPORT! DIE HOKKIESEUNS HET 'N 1–0 OORWINNING BEHAAL, DIE NETBALDOGTERS HET MET 'N INDRUKWEKKENDE TELLING VAN 18–7 GEWEN, EN DIE HOKKIEDOGTERS HET MET 2–0 GESEËVIER.

Ons is trots op elke speler vir hul deursettingsvermoë, sportmangees en lojaliteit aan ons skool!

26 Julie 2025

Robertson VS Tableview

O/13 HOKKIE SEUNS
Wen 1-0

26 Julie 2025

Robertson VS Tableview

O/13 NETBAL
Wen 18-7

26 Julie 2025

Robertson VS Tableview

O/13 HOKKIE DOGTERS
Wen 2-0

26 Julie 2025

Robertson VS Tableview

O/13 RUGBY
Verloor 12-33

Carma Skitter op Nasionale Verhoog!

VAN 29 JUNIE TOT 2 JULIE 2025 HET CARMA SWART DIE VOORREG GEHAD OM DIE O/13 BOLAND IPT DOGTERSHOKKIESPAN TE VERTEENWOORDIG BY DIE SASHOOC NASIONALE TOERNOOI IN JOHANNESBURG. IN 'N KOMPETISIE TEEN VAN DIE BESTE SPELERS VAN REGOOR SUID-AFRIKA HET DIE SPAN GOED GEVAAR - MET 3 OORWINNINGS, 1 GELYKOP EN 2 NEDERLAE. 'N HOOGTEPUNT WAS HUL INDRUKWEKKENDE 2–0 OORWINNING OOR EDEN.

Welgedaan, Carma!



Wêreldkarate-avontuur wag!

MNR DRAKE EN LUDWIG GAAN SUID-AFRIKA VERTEENWOORDIG BY DIE 8STE KARATE-DO GOJU-KAI WÊRELDKAMPIOENSKAPPE IN CHIBA, JAPAN, VAN 6–11 AUGUSTUS. MNR DRAKE NEEM DEEL AAN KATA ÉN KUMITE, TERWYL LUDWIG IN DIE KUMITE-AFDELING MEEDING. HULLE VERTREK SONDAG – STERKTE MANNE!

'n Laat Wapper van die Vlag: Ons Groet Juffrou Kellermann

NA JARE SE ONWRIKBARE TOEWYDING, PASSIE EN LIEFDE VIR ATLETIEK, NEEM ONS AFSKEID VAN ONS GELIEFDE HOOF VAN ATLETIEK, JUFFROU KELLERMANN. HAAR VOETSPORE OP DIE VELD EN IN ONS HARTE SAL VIR ALTYD SIGBAAR BLY. DIE BOLAND-ATLETIEKSPAN SÊ DANKIE .

Deur Alèta Bruwer

Na baie jare groet ons, ons geliefde atletiek juffrou. Vir my, groet ek na vier jaar. Ek was bevoorreg om verlede jaar ook in juffrou Kellermann se klas te wees - so vir my is dit meer as 'n atletiek-groet.

Ek het vir vanjaar se Bolandspan gevra wat hulle van Juffrou sal onthou:

Caro: Juffrou Kellermann se ondersteuning het my vinniger laat hardloop en verder laat gooi. Juffrou het my altyd net aangemoedig en my trots gemaak om deel van die Robbiespan te wees.

Tiaan: Ek sal altyd onthou hoe Juffrou my geïnspireer het om te glo in myself en nooit op te gee nie en altyd net jou beste te doen.

Jandré: Juffrou se hart, passie en onbaatsugtige toewyding het 'n groot indruk op my gemaak.

Marli: Baie dankie vir al die tyd, energie en passie wat Juffrou in ons atletiekspan gesit het. Al die motivering, geduld en toewyding het 'n groot verskil in elkeen van ons se lewens gemaak - op én van die baan af.

Dornelle: Juffrou het my geleer dat die wenner nie noodwendig die een is wat daardie dag wen nie, maar die een wat aanhou oefen en hul beste gee.

Anel: Ek sal Juffrou altyd onthou as 'n vriendelike, goedhartige juffrou wat nooit verby gestap het sonder om 'n drukkie te gee nie!

Ila: Alhoewel ek net die geleentheid gehad het om een seisoen saam met Juffrou te kon werk, was haar passie vir atletiek en die kinders vir my baie duidelik.

Laastens, wat ek altyd van Juffrou sal onthou: My items het meeste van die byeenkomste oorvleuel - wanneer ek regstaan om hoog te spring, dan sien ek net daar hardloop Juffrou, met haar hoedjie en klipbord in die hand, tussen ander items om seker te maak hulle wag vir my. Al die beamptes het altyd baie respek vir Juffrou gehad. As sy gesê het wag, het hulle vir my gewag. Gelukkig is sy fiks vir die heen en weer se hardloop.

Juffrou ons gun vir Juffrou en die oom 'n heerlike aftrede en veral gesondheid vir nog baie jare se hardloop. Dal Josefat sal nooit weer dieselfde wees sonder Juffrou op die wal nie.

Baie dankie vir jare se passie en liefde vir die sport, maar bowenal vir ons Robbie-atlete. Juffrou het ons altyd soos wenners laat voel.

TOTSIENS (EN LEKKER VERJAAR) JUFFROU!

OP WOENSDAG, 30 JULIE 2025, HET ONS KLAS JUF. KELLERMANN SE VERJAARDAG EN AFTREDE GEVIER.

Deur Lia-Marí Perold

Wat maak hierdie verjaardag van Juf. Kellermann so spesiaal? Dit was die laaste keer wat Juf. Kellermann as juffrou by Laerskool Robertson verjaar het. Vrydag, wanneer Die Swaeltjie uitgestuur word, is Juffrou Kellermann offisieël afgetree.

Beste Juffrou Kellermann, in 6B het Juffrou 'n groot verskil gemaak. Net soos al Juffrou se klasse voor ons, het juffrou in elkeen van ons geglo. Juffrou het ons gehelp om in onsself te glo. Ons sal ons tyd in die klas saam met juffrou vir altyd onthou.

Geniet juffrou se aftrede! As juffrou verlang dink ek 'n whatsapp oproep na 6B toe is 'n goeie idee! Stuur vir ons baie fotos van juffrou se avonture! Totsien Juf. Kellermann, ons gaan vir Juffrou mis.

Speletjies met 'n Doel!

OP MAANDAG, 28 JULIE HET DIE ARBEIDSTERAPEUT VAN DIE IO-SPAN BY LANGERUGSKOOL DIE EENHEIDSKLAS BESOEK VIR 'N PRETTIGE BUITELUGSESSIE. DEUR DOELGERIGTE SPELETJIES HET DIE LEERDERS BELANGRIKE GROOTMOTORIESE EN SOSIALE VAARDIGHEDE ONTWIKKEL – EN DIT SOMMER TERDEË GENIET!

PLAY

FUN

:Smile+

ROLA

Robbies

Kompetisiewenners Aangekondig!

DIE B-LOCAL KOMPETISIE, WAT IN DIE VORIGE KWARTAAL BEGIN HET, IS NOU AMPTELIK AFGEHANDEL.

Baie geluk aan Graad 7D, die klas met die meeste verwysings! 'n Spesiale gelukwensing aan Robin Jack, die leerder met die meeste aflaaie en 'n groot skouerklop aan Laerskool Robertson, die skool met die meeste "downloads" in totaal!

Nuwe voorkoms vir ons leerders se badkamers!

TYDENS DIE JUNIE-VAKANSIE IS DIE LEERDERS SE BADKAMERS BY DIE SKOOL OPGEKNAP OM 'N NETJIESE, HIGIËNIESE EN MODERNE OMGEWING TE SKEP.

DIE WASBAKKE IS NETJIES MET HOUT AFGEWERK, EN DIE MURE IS GEVERF OM DIT 'N VARS, KONTEMPORÊRE VOORKOMS TE GEE.

HIERDIE OPKNAPPINGS HET 'N SIGBARE VERSKIL GEMAAK. LEERDERS WAARDEER DIE SKOON EN FUNKSIONELE FASILITEITE WAARIN HULLE NOU MET TROTS HUL PERSOONLIKE HIGIËNE KAN HANDHAAF.

ROBERTSON GHOLFKLUB

BORG 'N BOF	R1200
4-BAL	R2500
BORG 'N BOF & 4-BAL	R3500
	4-BALL ALLIANCE

RIËTTE PEROLD VIR INSKRYWINGSVORMS
073 606 7682 / 023 626 3060
ADMIN@LSROBBIES.CO.ZA
DIE PRO-SHOP VIR DIE BESPREKING
VAN KARRETJIES 023 626 1090



VIR MEER INLIGTING
KONTAK DIE KANTOOR
KAARTJIES BESKIKBAAR VANAF 09 JUNIE 2025

KRONING VAN LENTESKOUKONINGIN
HEERLIKE-ETE

HOËRSKOOL ROBERTSON
BIED AAN ONS EERSTE

DANSFEES

IN SAMEWERKING MET ROBERTSON LENTESKOU
KOM DANS EN KUIER IN ONS PRAGTIGE
MATRIEKAFSKEIDSAAL

VRYDAG
3 OKTOBER 2025
HOËRSKOOL ROBERTSON
SKOOLSAAL
R350 PP
SMART CASUAL
18:30 VIR 19:00
GEEN
ONDER 18'S

DONASIEKROEG
MUSIEK & DANS

BEPERKTE PLEKKE BESKIKBAAR
TE KOOP BY
LENTESKOUKANTOOR 023 626 2512
HOËRSKOOL ROBERTSON 023 626 3159

HAPPY BIRTHDAY

Augustus!

1 Chelsea Slamat
2
3 Chloé Goliath
4
5 Hayden-Lee Vd Merwe
6 Juf. M. Nel
7 Marli Botha, Evah Matthys, Natalie Marthinus
8 Jolaine Loyd
9 Zayd Adendorph
10
11
12 Ighawe Nxele, André Hayman
13 Jesse-Ann Curtis, Rynhardt Van Deventer
14 Raeeq Karriem, Lillian Mouton, Albert Roux
15 Gideon Viljoen, Anna Smit, Willow Hop
16 Johany Van Tonder
17
18
19 Janelle Oosthuizen
20 Human Marais, Robinho Do Espirito Santo
21 Ryan Hammond, Stephne Gelderblom
22
23
24
25
26 Lee-roy Musindo
27
28
29 Mieke de Villiers
30 Juf. V. Kritzinger
31 Paul-Henry Brink

LAERSKOOL ROBERTSON PRIMARY
TEL: 023-626 3060 EPOS: skoolhoof@lsrobbies.co.za